Onbekende Kunstenares Toon Groot Belofte

Die uitstalling van 'n onbekende kunstenares wat volgens dr. F. C. L. Bosman groot moontlikhede vir die toekoms inhou, word Vrydag om 5.30 nm. deur mev. Elsabe Sauer (eggenote van die Minister) op Rustenburg geopen.

Die kunstenares is mev. Phoebe Heunis, eggenote van 'n plaaslike tandarts. Dit sal haar eerste uitstalling wees. Daarna hoop sy om ook in Johannesburg en Pretoria uit te stal.

Volgens dr. Bosman wat haar werk besigtig het, verdiep mev. Heunis haar in twee kunsrigtings, naamlik die skilderkuns en 'n vorm van muurskildering.

Treffende gawe

Die muurskildering beoefen sy deur middel van gekleurde grondstowwe wat gemaal en volgens ontwerpe wat sy self teken, op 'n harde vlak gespuit word.

„Sy het ongetwyfeld 'n treffende dekoratiewe gawe. Die figure wat sy voorstel, is in 'n hoogs gestilleerde vorm met mooi ritmiese bewegings.

„Ek dink byvoorbeeld aan **Seevoëls in vlug,** die treffende figuurtjie van Faun, **Twee Rondlopers Langs die Pad, Stillewe met Blomme en Vrugte, Vrou met 'n Duif** ens," het dr. Bosman gesê.

Volgens hom is mev. Heunis se skilderkuns belowend en wissel dit van aangename impressionistiese voorstellings waaronder stillewes, veral van blomme, tot simboliese ekspressionistiese werk waarin allerhande gemoedstemminge en gedagtegange vasgelê word.

Eie krag

„Die betekenis van haar werk is dat dit [illegible] van 'n splinternuwe kunstenares is wat grotendeels deur eie krag gevorm is en wie se muurversieringe veral vir my gevoel 'n nuwe tegniek openbaar met baie groot moontlikhede vir die toekoms," aldus dr. Bosman.